Solidariteit®
Helpende Hand

HONGERSNOOD ONDER AFRIKAANSE KLEUTERS

VERSLAG

AUGUSTUS 2018

Inhoud

Wie is Solidariteit Helpende Hand? 3
Doel van die navorsing 3
Navorsingsmetode 3
Bevindinge 3
BESONDERHEDE VAN KLEUTERSKOLE 3
OUDERDOMME VAN KLEUTERS 4
VOEDINGSVEREISTES VAN KLEUTERSKOLE 5
DIE HONGERSNOOD VAN KLEUTERS 6
Gevolgtrekkings 8
Aanbevelings vir verdere studie 8

Lys van grafieke

Grafiek 1: Groepering van kleuters per skool 4
Grafiek 2: Die ligging van kleuterskole 4
Grafiek 3: Ouderdomsgroepering van kleuters 5
Grafiek 4: Voedingsvereistes van kleuterskole 5
Grafiek 5: Kleuters se vlak van hongerte na 'n naweek 6
Grafiek 6: Persentasie kleuters wat honger skool toe kom 7
Grafiek 7: Persentasie kleuters wat saans honger ly 7
Grafiek 8: Persentasie kleuters wat saans eet 8

Wie is Solidariteit Helpende Hand?

Solidariteit Helpende Hand is ’n welsynsorganisasie geskoei op die beginsels van die Helpmekaar-beweging van 1949. Ons fokus is om ’n antwoord op die Afrikaner-armoedekrisis deur ’n verskeidenheid projekte te vind en om deur die projekte armoede te verlig, te voorkom en te verbreek.

Helpende Hand het projekte wat daarop gemik is om die swaarkry van behoeftige mense te verlig. Dié projekte sluit die Kosblikkie-, Skooltassie- en #HelpHetta-projek in. Kinders word veral gehelp deur hulle van ’n daaglikse bord kos, skryfbehoeftes, en sanitêre ware te voorsien.

Doel van die navorsing

Die doel van die navorsing was om te bepaal wat die voedingsbehoeftes van kleuters is wat tans deel van die Kosblikkie-projek is. Die navorsing het ten doel gehad om inligting in te samel oor die eetgewoontes van kleuters wat deel is van die voedingsprojek om daardeur strategiese besluite te maak oor die projek en hoe om op ’n opbouende manier die projek te ondersteun.

Navorsingsmetode

Die navorsing het slegs gefokus op kleuterskole wat tans deel is van die Kosblikkie-projek. Kleuterskole het ’n aanlyn vraelys met 13 vrae ontvang; ’n mengsel van oop en veelkeusige vrae. Daar was ook ’n aanhangsel aan die e-posboodskap geheg met dieselfde vrae wat kleuterskole kon uitdruk en invul.

Bevindinge

BESONDERHEDE VAN KLEUTERSKOLE

52 kleuterskole het die vraelys beantwoord. Altesame het hierdie kleuterskole meer as 4 800 kleuters wat daar skoolgaan. Daar is gemiddeld 92 kleuters per skool met die kleinste kleuterskool van slegs vier kleuters, terwyl die grootste kleuterskool 247 kleuters het.



Grafiek 1: Groepering van kleuters per skool

Die meerderheid van kleuterskole wat op die vraelys gereageer het, is in Gauteng (40%) geleë, die Oos-Kaap met die tweede meeste (19%) en die Vrystaat en Wes-Kaap met 10% elk. Die Noord-Kaap, Noordwes, Mpumalanga en Limpopo het elk minder as 10% van die kleuterskole en geen kleuterskole in KwaZulu-Natal het die vraelys beantwoord nie.



Grafiek 2: Ligging van kleuterskole per provinsie

OUDERDOMME VAN KLEUTERS

Die meeste kleuters is tussen die ouderdom van vyf en ses jaar; 36% van die kleuters val in hierdie groep. Die groep van vier tot vyf is die tweede grootste, naamlik 34%. Die oorblywende 30% is almal onder die ouderdom van drie jaar.



Grafiek 3: Ouderdomsgroepering van kleuters

VOEDINGSVEREISTES VAN KLEUTERSKOLE

Kleuterskole is versoek om te verduidelik watter etes hulle aan kleuters verskaf. Die meerderheid van die kleuterskole (43%) verskaf twee maaltye (ontbyt en middagete) saam met 'n versnapering voordat die kleuters huis toe gaan. By ongeveer 'n derde van die kleuterskole (34%) kry die kleuters slegs een ete en 'n verdere 7% verskaf een maaltyd en 'n versnapering voordat die kleuters huis toe gaan. 13% van die kleuterskole verskaf drie vol maaltye (ontbyt, middagete en aandete) saam met 'n versnapering. By 2% van die kleuterskole kry kleuters twee vol maaltye.



Grafiek 4: Voedingsvereistes van kleuterskole

HONGERSNOOD ONDER KLEUTERS

Die kleuterskole is gevra om aan te dui of kleuters na ’n naweek honger by die skool aankom. Die meerderheid (85%) het aangedui dat kleuters Maandae hongerder is as in die week. Uit vorige navorsing, en uit die onderwysers se inligting het dit duidelik geword dat baie kleuters nie oor naweke genoegsame voeding ontvang nie. Hulle is dus hongerder omdat hulle die vorige week laas voedsame kos by die skool ontvang het. Slegs 2% het aangedui dat kleuters glad nie hongerder na ’n naweek is nie.



Grafiek 5: Kleuters se vlak van honger na 'n naweek

Kleuterskole moes verder aandui hoeveel kleuters kom in die oggend honger skool toe. Volgens die kleuterskole kom tot soveel as 35% van kleuters honger skool toe. Die kleuterskole het verduidelik dat die syfer hoog is omdat baie ouers van mening is dat hulle kinders by die kleuterskool kos gaan kry. By 38% van kleuterskole kom meer as die helfte van kleuters honger skool toe. By 38% van kleuterskole kom meer as ’n kwart van die kleuters honger skool toe en by die oorblywende 24% kom minder as ’n kwart van die kleuters honger skool toe.



Grafiek 6: Persentasie kleuters wat honger skool toe kom

Omdat die rede waarom kleuters honger skool toe kom, verduidelik kan word, is daar gekyk na die aantal kleuters wat saans eet. Dit is op tweeledige wyse gedoen. Eerstens is kleuterskole gevra om aan te dui hoeveel kleuters daar is waar die onderwysers vermoed dat die kinders nie saans eet nie.

Hierdie syfer word ondersteun deur die aantal ouers wat nie skoolfonds kan betaal nie, asook die aantal kleuters vir wie daar in sommige gevalle 'n kospakkie huis toe gestuur word. By net meer as die helfte van kleuterskole eet minder as 25% van kleuters saans. By die ander 44% van die kleuterskole eet meer as 25% van kleuters nie saans nie.

'n Gemiddeld van 24% van die kleuters by dié kleuterskole kry vermoedelik nie saans kos nie en ly dus honger.

Grafiek 7: Persentasie kleuters wat saans honger ly

Die tweede wyse waarop bepaal is of kleuters saans eet, is deur die kleuters self te vra. Die kleuterskoolonderwysers het kleuters uitgevra oor wat hulle vir aandete die vorige aand geëet het. Vanuit die gesprek kon die kleuterskoolonderwysers bepaal dat 31% van die kleuters nie op ’n gereëlde basis saans eet nie.



Grafiek 8: Persentasie kleuters wat saans eet

Gevolgtrekking

Alle statistieke en gevolgtrekkings is slegs van toepassing op die kleuterskole in hierdie navorsingstudie wat deel is van die voedingsprojek met die naam “Kosblikkie-projek”.

1. 85% van die onderwysers meen die kleuters kom honger na ’n naweek by die skool aan.
2. Volgens die onderwysers is daar ’n gemiddeld van 24% van die kleuters wat nie saans kos kry nie.
3. Volgens die onderwysers kom 35% van kleuters honger skool toe.
4. 31% van die kleuters in hierdie skole het bekendgemaak dat hulle nie saans eet nie.
5. Meer as 40% van hierdie kleuterskole kan nie bekostig om meer as een maaltyd te bied nie.

Aanbevelings vir verdere studie

Daar moet beslis gekyk word na die werklike behoefte van kleuterskole in die Kosblikkie-projek. Alhoewel daar ’n duidelike nood is, blyk dit dat daar ook ’n behoefte is om die arm gesinne te ondersteun. Daar moet deeglik ondersoek ingestel word oor die moontlikheid

om kleuters met ’n kospakkie vir die aand te ondersteun of om die gesin op ’n volhoubare, verantwoordelike manier by te staan sodat kleuters en hulle gesinne nie honger ly nie.